HELDERBERG UITREIK: ElizaYo projek

Eliza: Vir God, Yo: Youngsters, ElizaYo (Xhosa): Toekoms
Jong mense vir God met 'n toekoms!

Wat doen ons?

Ontwikkeling, vaardighede, opleiding en werkskepping vir jong mense.

Ons is op soek na:

Bouers, persone met kennis van bou,
mense wat kan help met tuindienste, grassny, bome saag.

Ons benodig:

Tuingereedskap, groentesaad, yskas, mikrogolf.

Belangstellendes wat betrokke wil raak by dié projek kan vir **Herman Lindhout** skakel by 060 5277 701 of herman@elizayo.nl
Dankie vir die ondersteuning!

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Hospitaal

Helderberg Hospitaal spreek hul hartlike dank uit vir die betrokkenheid en omgee van die kerk en die liewe lidmate oor die afgelope jare. Daar is ook groot waardering vir die pakkies wat afgelewer word. So dan ook vir finansiële donasies daarvoor en vir almal wat help print, knip, plak en pak. Ons kan steeds nie die pasiënte besoek nie, maar hulle sal graag ons geskenkpakkies met 'n kort geestelike boodskappie daarop, vir hulle uitdeel. Ons fokus kan dus weer terugskuif na die pasiënte, maar ons sal wel soms die personeel bederf met 'n verrassinkie. Verdere donasies wat waardeer sal word, is **geestelike boeke vir oud en jonk**, wat deurlopend in sale versprei sal word. **Klerasie ook vir oud en jonk**, asb. reeds gewas, gestryk en gevou. Alle donasies kan by die kerkkantoor afgegee word. Ons herinner net dat **finansiële donasies** vir die projek asb. aangedui word met **verwysing: Helderberg Hospitaal**. Ons waardeer die voorbidding en betrokkenheid van almal.

Lynette Jacobs
Projekleier: Helderberg Hospitaal

DIENENDE HANDE: PJP OGGEND

(pannekoek, "jaffles" & poeding)
Vrydag, 1 Julie 2022 10:00 – 12:00

Heerlike pannekoeke (R6), "jaffles" (R25) en poeding (R25),
asook koffie/tee (R10), te koop.
Plaas bestellings om teleurstelling te voorkom by: Julianne Bryson
jbryson.ah@gmail.com / 082 598 9418.
Bestellings sluit Maandag, 27 Junie 2022 om 17:00.
Afhaal van bestellings: Vrydag, 1/7, 10:00-12:00, kerksaal.
Betaling: kontant, kredietkaart of Snapscan.

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

12 Jun: **Koffie, Koffie, anders val ek om**
Koffie, Koffie, anders val ek om

Koffie is so algemeen in ons lewens dat die oorsprong daarvan vir ons al verlore gegaan het. Koffie is die eerste keer gebrou in Etiopië. Die storie word vertel van 'n bokwagter wat agter gekom het dat sy vee nie in die nag slaap as hulle van die rooierige bone geëet het nie. Die mense het dit toe begin gebruik om wakker te bly tydens deurnag gebedsessies. Ons kinders besoek via ***Kerk Werk Wêreld Wyd Toere*** vir Etiopië, een van die oudste lande in die wêreld. Die kinders gaan luister hoe die Heilige Gees Filipus gelei het om met 'n man van Etiopië die Goeie Nuus te deel. Ons kinders gaan uitvind dat die Heilige Gees ook op vreemde maniere hulle gaan help om die Goeie Nuus van Jesus aan ander te vertel.

(Handelinge 8:29 – "***Gaan loop saam met daardie wa***")

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner